Ps. 45:1, 4
Ps. 119:4
Ges. 75:2, 4

# Wat is in Jou Hand?

Exodus 3:1 - 4:8

Senhoogte + Vent. pos
1 Febr. 1959

Exodus 4:2 - Daarop vra die Here vir hom: Wat is daar in jou hand?

Veertig jaar het verloop vandat 'n jong prins in al die ywer en vuur van sy jeug sy volk wou red. Deur 'n daad van onbesonne voortvarendheid het hy alles verbrou - en moes hy die voorregte v.d. paleis ruil vir die verlatenheid van die woestyn. Uiterlik was daar geen hoop dat hy ooit die ideaal van sy jeug sou ~~verwerf~~ bereik nie. As banneling swerf hy rond totdat God hom ontmoet in 'n vuurvlam in die veld. Duidelik kom die opdrag v.d. Here na hom: „Gaan lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit"

Maar nou, in plaas van te gryp na d. groot geleentheid, deins Moses verskrik terug. Drie maal opper hy die een beswaar na die ander - elke keer in die vorm van 'n vraag (Vs. 11, 13, 4:1) totdat God ook 'n vraag stel - net een vraag: Wat is daar in jou hand?

Hand oor die vraag nadink soos volg - (asof God dit aan u vra):

I God Vra

1) Die vraag wat God hier stel is 'n eenvoudige vraag - elke kind kan so 'n vraag beantwoord; niks ingewikkelds in so 'n vraag nie. Die vrae wat God aan d. mens stel is altyd eenvoudig - so eenvoudig dat ons mense dit soms as 'n simpel, kinderagtige vraag beskou. Dis net daar waar ons die groot fout maak! Want agter d. eenvoud v Gods vrae lê daar die diepte van waarheid en eerlikheid en regverdigheid wat al Gods oordele & optrede kenmerk!

2) Die vr. wat God hier aan Moses stel is

ook 'n direkte vraag: persoonlik, op d. man af, tot Moses alleen bedoel: „Wat is daar in jou hand?" So doen God die Here altyd: Hy kom nie met omparie en lang betoë na ons nie – Hy stel sy vrae direk & persoonlik. Baiekeer hou d. mens nie daarvan nie – beskou dit as onbeleef, onopgevoed, 'n inmenging met ons privaat lewe en beskouinge! (met ons sgn. persoonlike regte!)

3) Nog meer: die vr. wat God aan Moses stel is 'n baie belangr. vr.: „Wat is daar in jou hand?" Het God dan nie geweet watter groot rol Moses se hande nog in sy werk vir die Here sou speel nie? Dan vra God die één vraag waarom alles gaan: alle ander vrae moet nou eers wag. Sien ons dit nie dwarsdeur die Bybel nie? Vir Adam vra God: „Waar is jy?" Vir Simon P. vra God: „Simon, seun v. Jona, het jy My lief?" Vir Saulus vra God: „Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

En vir u, luisteraar, vir u, my jong vriend – wat is Gods vraag aan u? Miskien is dit dieselfde vraag: „Wat is daar in jou hand?" Is dit dalk 'n tydskrif wat u gees vergiftig? 'n Kaartjie van een of ander lotery? 'n Pen wat laster? Die hand van 'n dogter wat in haar reinheid u vertrou?

Miskien vra God u 'n ander vr. v/oggend (v/aand): Is jy nog rein? Ken jy J.C. as Saligmaker en Here? Waarom hardloop jy weg vir God?

II) Waarom vra God? Laat ons weer na hd. vraag kyk en dan sien: waarom stel die Here die vraag aan Moses? Eintlik was dit nie die Here wat vrae gestel het nie – dit was Moses wat d/mee begin het. En nou kom d. Allerhoogste met net een vraag: „Wat is daar in jou hand?" Wat wil God met hd. vraag?

1) Die Here wil Moses herinner aan dit wat hy het: 'n staf – die teensteuning van elke herder, die onmisbare hulp in sy lewenswerk. Watter rol sal hierdie staf in die volgende jare nie speel: hoe sou dit nie in kritieke oomblikke die stukke v. steen bring! As hy Israel die eerste maal ontmoet – as hy d. volk deur die Rooi See moet laat trek: staf!

2) Die Here wil Moses leer dat wat in sy hand is alleen krag het wanneer dit in Gods hand gelê word: Op Gods bevel gooi Moses d. staf neer – en word dit 'n slang: giftig-gevaarlik! Op Gods bevel word dit weer 'n staf (Hand-wonders-teken). Waarom? Om hd. man in sy twyfel v. vrees te beskaam, van sy en trots te genees, in sy taak te leer: Lê alles wat in jou hand is, in Gods hand – dan eers word dit bruikbaar!

3) Die Here wou Moses die geheim leer dat aan die hand dit kleef waar d. hart aan kleef: 40 jr. lank was hd. staf Moses se onafskeidbare vriend v. steun: sy hart het verkleef geraak aan hd. lewe, hd. herdersbestaan. Asof God vir Moses wou sê: „Kyk goed Moses, dink goed na: dit wat jy in jou hand vashou is in sy diepste die dinge waaraan jou siel se krag is! Dis jou god, jou lewe, jou al!

→ Wat is daar gewoond, gedurig in u hand? Die stuurwiel van 'n kar of motorfiets vir u jaag op Sondae? Die geld wat

u vashou omdat dit vir u alles is?
Of is daar in u hand 'n geopende Bybel? 'n Brief wat getuig van Xtus? 'n Opgawe vir sy Koninkryk?

III Die Mens Antwoord: Moses antwoord – eerlik en sonder wegsteek: 'n staf. Dit was sy redding: hy het nie probeer om die vraag v God te ont-wyk of te ontduik nie! Wee die mens wat